






# Inheemse strukture

## Graad 4: NWT



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Inheemse strukture

Mense regoor die wêreld bou verskillende soorte **tradisionele huise** uit onverwerkte materiale. Baie verskillende natuurlike materiale word gebruik.

Ek bou my huis van ys omdat dit die materiaal is wat ek in my omgewing beskikbaar het.






# Inheemse strukture

Sekere materiale is **inheems** aan ‘n sekere gebied. In elke deel van die wêreld vind ons **inheemse, tradisionele huise**.



Tenthuis in die woestyn.



Huis van palmtakke in ‘n tropiese gebied.





Huis van klei in ‘n gebied met baie sand en modder.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vorms van huisstrukture

Regoor die wêreld is daar verskillende vorms vir die strukture wat vir inheemse huise gebruik word.




My huis het 'n **silinder**vormige struktuur met 'n **keël**vormige dak.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Vorms van huisstrukture

Regoor die wêreld is daar verskillende vorms vir die strukture wat vir inheemse huise gebruik word.

Ek het 'n **keëlvormige** huis.



Ek het 'n **vierkantige** huis.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Raamwerke en stutte

LAERSKOOL MIKRO

Mense regoor die wêreld het ver terug in die geskiedenis reeds van sterk vorms gebruik gemaak. Hol pilare en sterk vorms versterk strukture.

Houtpale word gebruik as stutte en latwerk word gemaak deur dun takke deur die regop pale te weef.









# Rondawel

Die **Xhosas** bou hutte wat rondawels genoem word. Die hutte het ronde mure en **riet**dakke. Die hut bestaan uit **pale** en **klippe**. Die hele struktuur word met 'n mengsel van **klei** en **beesmis** bedek. Die dak bestaan uit houtpale wat met **dekriet** en **grastoue** bedek is.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO


# Byekorfvormige hutte

Tradisioneel woon **Zoeloes** in byekorfvormige hutte. Die mans bou die raamwerk van **buigsame jong bome**. Die vrouens weef toue en matte uit **gras**. Laastens bind hulle die matte met dik grastoue aan die raamwerk vas.









Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Matjieshuis

LAERSKOOL MIKRO

Tradisioneel woon die **Namas** van Namibië in matjieshuise. Die mans buig die **takke** van bome en bind dit in ‘n koepel. Die vrouens weef matte van **riete**. Laastens lê hulle die matte oor die raamwerk en maak dit vas.





